LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 5
14 Februarie 2020

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

TUSSENVERKIESING VAN TWEE KOSHUISKOMITEELEDE
Koshuisouers, u ontvang weer vandag 'n stembrief. Maak seker dat u dit kry.

FINANSIëE HULP
Alle **volledige** vorms moet asseblief op **18 Februarie 2020** deur uself by die kantoor ingehandig word.

BELANGRIKE ATLETIEK DATUMS OM TE ONTHOU
3 Maart
Interskole Atletiekbyeenkoms by LVS o.7 – o.13 (alle atlete wat 1ste tot 3de plekke by die Kleure atletiekbyeenkoms behaal het).

'n Groot beroep word op leerlinge gedoen om oefeninge by te woon en nie onnodig aan byeenkomste te onttrek nie. **Geen atleet sal sonder 'n geldige rede van die Interskole byeenkoms onttrek word nie.**

BUITEMUURSE SPORT
Leerlinge wat nie oefeninge bywoon nie, gaan 'n inskrywing op die KDDS stelsel ontvang vir elke oefening wat nie bygewoon word nie. Somersport kry steeds voorkeur en geen wintersport afrigter sal kinders benadeel wat nie die voorlopige wintersport oefeninge bywoon nie.

SPORTDRAG OP SPORTDAE
Graad 1 tot 3 leerlinge wat direk na skool sport het, kom met hulle sportdrag en tekkies skool toe.

DONDERDAG, 20 FEBRUARIE
Die skool verdaag vir Gr 4-7 leerlinge om 12:30 op Donderdag, 20 Februarie as gevolg van Cluster meetings by die Departement.

WISKUNDE: HERSIENINGSKLAS
Graad 6 Dinsdag, 18 Februarie 13:30 – 14:15

SKAAK
Ons benodig dringend persone wat kan help met skaakafrigting. Kontak asseblief die kantoor.

SKAAKTYE VIR BEGINNERS
Maandae: 13:00 – 13:30 in die Kewertjie.
Die skaakoefening is vir Graad 1 – 3 leerders wat glad nie of net 'n bietjie skaak kan speel.

REDENAARS
Al die graad 5 tot 7 leerlinge wat belangstel om hierdie kwartaal aan die redenaars deel te neem, moet hulle name vir Juffrou Swiegers gaan gee voor of op 17 Februarie 2020. Die redenaars vind op Donderdag, 19 Maart 2020, in die skoolsaal plaas.

DEPARTEMENT GESONDHEID
Alle uitstaande konsentvorms in verband met die inenting van Graad 5 dogters moet asseblief op **Maandag, 17 Februarie** by die klasonderwyser ingehandig wees. Inenting vind op 18 Februarie 2020 plaas.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK SOOS OP DIE KALENDER

17 Feb	BL verg. 17:15
	Tennis vs Gill (t) o.10 + 1ste span (w)
19 Feb	Interskole gala
20 Feb	Sokkie
	Krieket o.11 vs Homeschoolers (t) 14:00
21 Feb	Sarah Baartman Laerskole Atletiek Oval PE
	Landsdienskamp Gr 6 en 7 (21-23 Feb)
22 Feb	C-Groep gala te Collegiate
23 Feb	River Mile (Sondagsrivier)

SPORT

TENNIS
Die eerste seuns- en dogtersspan speel Maandag, 17 Februarie teen Gill. Die bus vertrek om 12:30. Die o.10 spelers speel by Laer Volkskool se bane. Sterkte aan almal. Geen tennisoefening vir die res van die spelers op Maandag nie.

HOKKIE
Hokkie ontwikkeling vind op Vrydae vanaf 12:30 – 14:00 by Union se Astro deur Claudia Cooke plaas. Daar sal 45 minuut sessies wees. Die eerste sessie is vir die kleintjies wat vroeg verdaag. Die tweede sessie is vir die ander leerlinge.

SWEM
Op 1 Februarie 2020 is die 3de B-Groep Gala vir die seisoen in Port Elizabeth gehou. Twee van ons leerders het deelgeneem en hul uitslae is as volg.

Naam	**Ouderdom**	**50m Bors**		**500m Rug**		**50m Kruip**	
		Tyd	**Plek**	**Tyd**	**Plek**	**Tyd**	**Plek**
Zenicke van Schalkwyk	8			51,57	3	45,62	5
Carlien Oosthuizen	10	1:00,82	14	49,27	10	40,41	9

Baie geluk aan hierdie twee swemmers. Volkskool is trots op julle.

KRIEKET
Die o.9 krieketspan het op 5 Februarie teen Union Prep gespeel. Laer Volkskool verloor met 12 lopies. Rubert Marincowitz teken 8 lopies aan met 6 balle.

TWEEKAMP
Francois Naudé, Jean van Wyngaard en Ancois Viljoen het Woensdag, 12 Februarie aan tweekamp in 'n winderige Port Elizabeth deelgeneem. Ten spyte daarvan het dit met hul goed gegaan. Baie geluk aan hierdie leerlinge. Ons is trots op julle.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

WYS MY DIE WEG

Wys my die weg, nie na rykdom of faam,
nie na wêreldse lof vir my eie naam,
nee, wys my hoe om elke dag, Heer,
u Naam te verkondig en te vereer.

Psalm 63:3

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803

PRAISE AND WORSHIP

Woensdagaand, 19 November
om 18:00
in LVS skoolsaal.
Kom prys die Heer saam
met die kringleiers van HVS.

Graad 1 – 7 is baie welkom!